NWK koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 18 - Mei 2008

Dié agentskappe brei verder uit

Goeie nuus vir Case en Northmec aanhangers. Buiten vir die Case en Northmec agentskappe wat NWK op Delareyville en Ottosdal het, is NWK Meganisasie nou ook die sub-handelaar vir dié handelsname op Mareetsane.

Aankope asook herstelwerk aan Case en Northmec produkte word reeds by NWK se meganisasiebedryfspunt op Mareetsane gedoen.

Ontwikkeling

Meganisasie rig ook 'n afdak op Delareyville op waar Case en Northmec toerusting voortaan vertoon gaan word. Die afdak is tussen die bestaande meganisasiebedryfspunt en die voormalige Toyota garage waar die NWK rybaan nou is.

Die beplanning is om die vertoonlokaal van die garage te gebruik om die kleiner produkte ten toon te stel. Case en Northmec onderdele kan reeds by die bestaande onderdele-afdeling by die meganisasiebedryfspunt verkry word.

Op Ottosdal sal klante voortaan onder een dak al hul meganisasie-aankope kan doen. Die bestaande meganisasiegebou word só ingerig dat die Case en Northmec vertoonlokaal aan die een kant (waar die onderdele was) en die New Holland vertoonlokaal aan die ander kant van die gebou is. Die bestaande onderdeletoonbank en werkswinkel word vir New Holland, Case en Northmec gebruik.

Volgens Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) gaan hulle deur hierdie skuiwe, die bestaande spasie en infrastruktuur optimaal benut.

NWK gooi mielies by NAMPO

Die NAMPO Oesdag vind vanaf 13 tot 16 Mei op NAMPO Park, buite Bothaville, plaas. NWK is ook weer daar en vanjaar word dinge so 'n bietjie anders gedoen.

Die bestuur asook die voorsitter en ondervoorsitter van NWK se direksie sal om die beurt by die uitstalling diens doen. Kom maak gerus 'n draai en gesels met die manne.

NWK Handel gaan ook vanjaar vir die eerste keer produkte by NAMPO te koop hê. Daar is iets vir elkeen: Van unieke selfoonsakkies, Fragram gereedskap, 'n vinnige en maklike potbroodmengsel (ideaal vir die buiteleweentoesias), Garmin GPS toestelle (drie modelle – ook een ideaal vir vroulief se motor) asook 'n DC inverter "welder" van Fragram vir die manne. Vir die kinders is daar 'n skaalmodel van 'n werkende silo te sien.

NWK nooi al sy klante en oesdaggangers om 'n draai by die stalletjie te kom maak in die NAMPO-saal.

Sien jou by die Oesdag!

Noordfed het verlede jaar pakkies mielie-meel aan besoekers by die NWK stalletjie uitgedeel.

NWK
U tevredenheid is ons trots

Koringsaad nie geredelik beskikbaar

Die beskikbaarheid van koringsaad is onlangs in 'n krisis gedompel met die onttrekking van Monsanto uit hierdie aktiwiteit.

Volgens Johan Verwey (bestuurder: Bemesting en Saad) word koringsaad normaalweg die vorige jaar vermeerder het om in hierdie jaar geplant te word. Die indruk wat nou gelaat word, is dat dit nie in die mate gedoen was as wat die behoefte voor bestaan nie.

"Bloot op grond van die huidige Safex-prys van koring is die aanvraag na koringsaad die hoogste in jare. Veral die populêre kultivars van besproeiingskoring is nie geredelik beskikbaar nie," het Johan gesê.

"Die indruk is geskep dat hierdie probleem een is wat landboumaatskappye en koöperasies veroorsaak het, maar in werklikheid het hierdie instansies niks daarmee te doen gehad nie. Hulle tree net op as verspreidingskanaal vir hierdie produkte.

"Volgens inligting is die bestaande tekort aan koringsaad tussen 30% en 40% en in watter mate hierdie probleem teen planttyd opgelos kan word, is tans nie duidelik nie," het Johan gesê.

Bedryfspunte op die wenpad

Al NWK se bedryfspunte van Graandienste, Handel, Vloeibare Kunsmis, Noordfed, die meganisasiewerkswinkels, Epko en motorfiliale word jaarliks vir beroepsgesondheid en veiligheid deur Rudie Goussard (NWK se risikobeheerbeampte) beoordeel.

Die beoordeling word gedoen volgens NWK se Risikobeheer- en Veiligheidstelsel. Areas wat onder die loep geneem word, is: Persele en huishouding; meganiese en persoonlike beveiliging; brandvoorkoming; beserings; veiligheidsorganisasie en bedryfsekerheid.

Die volgende toekennings is vir die 2007/2008 finansiële jaar aan bedryfspunte gemaak:

17 brons toekennings (91% - 93%);
20 silwer toekennings (94% - 96%); en
8 platinum toekennings (97% - 100%).

Opleiding prakties by NWK ontvang

Sedert 1 Februarie vanjaar lei NWK weer vakleerlinge by hul meganisasie-werkswinkels op.

Die vyf vakleerlinge, Cornelius Cross, Deon Lerm, Samuel Mosebekoa, Barry Visagie en Jaco Holloway, is by Lichtenburg en Mareetsane gestasioneer en kry hul praktiese opleiding by NWK se gekwalifiseerde werktuigkundiges. Na twee jaar sal hulle hul vaktoetse by Olifantsfontein se vaktoetssentrum gaan skryf.

Volgens Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) is daar 'n tekort aan gekwalifiseerde vakmanne en is die plan om elke jaar vakleerlinge by NWK aan te stel om kontinuïteit in die werkswinkels te handhaaf.

"Die vakleerlinge sal uiteindelik as trekkerwerktuigkundiges kwalifiseer wat buiten trekkers ook planters, ploeë, stropers en ander landboutoerusting sal kan herstel. Dit is 'n intensiewe opleidingsproses en die vakleerlinge word elke drie maande geassesseer," verduidelik Piet.

Die opleiding geskied in samewerking met IQW Enterprises, met die bystand van Merseta.

Staal jou vir die pryse

Met dié dat staalpryse met tot 60% die afgelope tyd gestyg het en die rand/dollar-wisselkoers so verswak het, word onderdelepryse ook geraak. Dit is volgens Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie).

"Ons verskaffers pas maandeliks hulle pryse aan en dit noop ons ook om ons pryse aan te pas. Die hoë brandstofprys veroorsaak verder dat afleweringskoste baie duur geraak het," verduidelik Piet. "Ons hoop pryse het nou hulle piek bereik en dat die mark sal begin stabiliseer. Produsente kan verseker wees dat ons, soos in die verlede, ons pryse ook afwaarts sal aanpas as die staalpryse en rand/dollar-koers verbeter," het hy gesê.

Vloeibare kunsmispryse noodgedwonge verhoog

"Die grondstofkostes van produkte waarmee vloeibare kunsmis vervaardig word, het in só 'n mate gestyg dat NWK se Vloeibare Kunsmisaanleg gedwing is om ook hul pryse aan te pas." Só sê Johan Verwey (bestuurder: Bemesting en Saad).

Die buitensporige verhogings in die prys van ammoniumsulfaat, ammoniak, fosforsuur en KCL het tot gevolg dat die grootste stygings in jare produsente se voorland is. Die grootste deel van die verhogings is reeds in die prys verdiskonteer en gevolglik sal dit die produsent nie noodwendig baat om vroeg kunsmis aan te koop nie. Die geldigheidstydperk van kwotasies is tans baie korter as gevolg van die onstabiele mark. Geen vooruitbestellings kan dus geneem word nie.

Vir verdere navrae oor prysstygings, kan jy jou NWK/Omnia kunsmisverteenwoordiger skakel.

Beurtkrag – kan ek eis?

Almal is teen hierdie tyd bewus van Eskom se beurtkragstelsel of het dit alreeds ervaar. Dit is ook algemeen bekend dat die fluktuasie in kraglewering skadelik vir elektriese toebehore kan wees – van die yskas en televisie in die huis tot by die elektriese motor van jou dompelpomp en spilpunt.

Kan ek egter eis vir hierdie skade? Wat sê jou versekeringspolis? Verskillende versekeraars het verskillende sieninge.

Verskillende tipes polisse, bv. boere-/besigheidspolisse het meer afdelings as persoonlike (man-op-straat)-polisse en verg dat dit, vanweë die versekeringsdekking wat gegee word, anders hanteer word.

Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat sulke skades nie gedek is in terme van jou normale polisvoorwaardes nie. Daar is egter "lig in die donker" – by wyse van spreke!

Christa van Vuuren van Mutual & Federal op Lichtenburg sê dat dekking teen kragstuwing teen 'n addisionele premie bekom kan word, onder die uitbreiding toevallige skade. Dit geld egter net vir die afdeling huishoudelike goedere, met ander woorde jou stoof, mikrogolfoond, yskas en so meer.

Caroline da Silva, hoof van Portefeuljebestuur by Santam, bevestig dit en brei uit:

"Dit is belangrik om in gedagte te hou dat gevalle waar krag bepland deur die kragvoorsiener, bv. Eskom, weerhou word, nie deur die polisse gedek word nie." Sy gaan egter voort deur te bevestig dat skade aan vries- en yskaste wel gedek is mits die toevallige skade uitbreiding teen 'n addisionele premie by jou polis gevoeg is. Verder sê sy dat rekenaars ook gedek sal wees indien dit onder die elektroniese afdeling van jou polis verseker is.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat dit 'n versekeringsbeginsel is dat jy altyd moet optree asof jy nie verseker is nie. Daarom moet 'n mens voorsorg tref om enige tipe skades te beperk.

Caroline sê daar is 'n verskeidenheid weerlig- en kragstuwingsbeskermingsprodukte op die mark beskikbaar wat rekenaars kan beskerm en kliënte se risiko's sal verlaag.

Verdere goeie nuus vir kliënte: Indien jou alarmstelsel jou nie waarsku as gevolg van 'n kragonderbreking deur Eskom nie, sal dit nie jou diefstaleis beïnvloed nie, onderhewig daaraan dat dit wel in 'n werkende toestand was voor die kragonderbreking.

Willie Louw van NWK Versekeringsmakelaars raai versekerdes egter aan om met hul naaste NWK Versekeringsadviseur te skakel om hulself te vergewis van wat gedek is en wat nie.

Voorsorg en versekering

Tree altyd op asof jy nie verseker is nie. Beskerm bv. jou elektriese toestelle met produkte wat kragstuwing neutraliseer. Beveilig ook jou bates (huis) met 'n alarmstelsel of jou motor met 'n satelliet-opsporingstelsel. Beide dié voorsorgmaatreëls het aansienlike premiebesparings tot gevolg.

Maak 'n draai by Pitstop

NWK Handel se kafees by die rybane (brandstofverkooppunte) spog met 'n nuwe naam: Pitstop.

Dit volg nadat NWK Handel gedurende Januarie vanjaar 'n kompetisie geloods het om 'n gepaste naam vir die kafees by die rybane op Koster, Biesiesvlei en Zeerust te vind. Die nuwe naam, Pitstop, sal voortaan by al NWK Handel se rybane, waar kafees gevestig is, gebruik word.

Die wenner van die DVD speler, wat deur 'n onafhanklike paneel aangewys is, is Hans Maree (handelsbestuurder: Aankope).

Plant nou voer

Die lekker reën in Maart-maand het die behoefte aan wintervoere geaksentueer. Produkte soos rog, korog, hawer, raaigras en Japannese radys se saad is by NWK se Saad-afdeling beskikbaar.

Inligting oor saaidigtheid en plantdatums sal ook verskaf word.

Vir meer inligting oor wintervoere, skakel Lood de Beer of Johan Verwey by NWK se Saad-afdeling by (018) 632-3014.

Vasmaak van pryse moeilik

NWK Handel en Kunsmisbemarking kan nie in hierdie stadium enige pryse vasmaak of vooruitbestellings neem nie. Die geldigheidstydperk van kwotasies is korter omdat die mark tans so onstabiel en voorraadbeskikbaarheid van verskaffers dikwels onvoorspelbaar is.

Dit geld veral vir kunsmis-, brandstof- en staalpryse. Geldigheidstydperke van kwotasies moet spesifiek met die verkoper onderhandel word, om sodoende teleurstelling te voorkom, het Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis) gesê.

Hy het koringprodusente gerus gestel oor gerugte in die mark dat daar nie kunsmis beskikbaar is nie.

"Ons is tans besig om ons kunsmisvoorraad aan te vul en daar sal voldoende voorraad vir koringprodusente wees wat eersdaags begin plant," het hy gesê.

Kyk uit vir dié promosies

Die winter klop aan die deur en dan is dit natuurlik strooptyd. Moenie NWK Handel se oespromosie vanaf 18 April tot 24 Mei misloop nie. In hierdie tyd word daar ook gejag en geslag op die plaas. Maak gerus tussen 18 April en die einde van Julie 'n draai by NWK se handelswinkels vir spesiale pryse op vleiswerkbenodighede. Sien jou daar!

Knap gedaan!

NWK se Ontwikkelende Landbou-afdeling het met die finansiële ondersteuning van King Food 'n hupstoot gekry.

Met die fondse wat beskikbaar gestel is, is drie ontwikkelende produsente in die NWK gebied gehelp om vanjaar gesamentlik 184,76 ha gaansorghum aan te plant. Landboubestuursdienste het as mentor vir die produsente opgetree en hulle onder andere met hul beplanning gehelp en advies gegee. Al die graan wat geproduseer word in hierdie projek, word deur King Food onder kontrak opgeneem.

Landboubestuursdienste en verteenwoordigers van King Food het op 27 Maart vanjaar die produsente se lande besoek en volgens Arno van Vuuren (bestuurder: Landboubestuursdienste) lyk die oeste baie belowend.

Gavin Campbell (King Food), Benjamin Booizene (produsent), Aron Kole (NWK Landboubestuursdienste) en Anton Nebe (King Food) bekyk op Villiershoop, in die Delareyville-distrik, die sorghum van nader. Die plaas behoort aan Sampie Booizene.

Dís die nuwe silotariewe

NWK se silotariewe vir die 2008/2009-leweringseisoen is onlangs bekend gemaak. Produsente kan vanjaar weer van 'n vaste seisoenstarief-opsie gebruik maak.

Die hanteringstarief (**Tabel 1**) is van toepassing op alle eerste lewerings van graan. Die tarief word gevorder wanneer die produk in privaatopberging gelewer word; vanaf die leweringsrekening na privaatopberging oorgeplaas word of direk in 'n skema gelewer word.

Die dagtarief-opsie vir opberging is van toepassing op lewerings in die leweringsrekening en privaatopberging, asook op silosertifikate en die vorige seisoen se oordragvoorraad. Die dagtarief word op 'n daaglikse basis gevorder en loop ten einde wanneer die produk versend word of die opbergingskoste die plafonbedrag bereik. Die plafonbedrag geld slegs vir lewerings in die dagtarief-opsie en vir oordragvoorraad. Dit is dus nie van toepassing op silosertifikaatvoorraad nie.

Tabel 1: Die hanterings- en opbergingstariewe vir die nuwe seisoen.*

Produk	Hantering	Opberging	
		Dagtarief	Plafon
	R/ton	R/ton/dag	R/ton
Mielies	30,00	0,42	52,00
Sonneblom	63,00	0,84	84,00
Grondbone	54,50	0,95	102,00
Droë- en sojabone	46,00	0,44	63,00
Koring	37,00	0,51	52,00
Sorghum	34,00	0,48	52,00

Tabel 2: Die tariewe vir die vaste seisoenstarief-opsie (R/ton).*

Mielies, koring en sorghum		Sonneblom	
Hoeveelheid	Tarief	Hoeveelheid	Tarief
Eerste 25 000 ton	R37,00	Eerste 25 000 ton	R65,00
Tweede 25 000 ton	R32,00	Tweede 25 000 ton	R55,50
Verdere hoeveelhede	R26,50	Verdere hoeveelhede	R46,50

* Alle tariewe sluit BTW uit.

Seisoenstariewe

Volgens Jaco Botha (bestuurder: Graandienste) sal produsente vanjaar weer gebruik kan maak van, benewens die dagtarief-opsie met 'n plafon, 'n vaste seisoenstarief-opsie (**Tabel 2**) vir lewerings in privaatopberging.

"Die vaste seisoenstarief-opsie is van toepassing op direkte lewering in privaatopberging of oorplasing vanaf silosertifikate direk na die seisoenstarief-opsie, maar nie op oordragvoorraad nie. Die seisoenstarief-opsie is dus nie op die leweringsrekening van toepassing nie. Die tarief word gevorder wanneer die produk in privaatopberging gelewer word," het hy gesê.

Om vir hierdie opsie te kwalifiseer, moet die produsent tydens die lewering van die produk of by die oordra van 'n silosertifikaat sy keuse van opbergingsopsie aandui. Geen opbergingskoste wat reeds gevestig het, sal teruggeskryf word indien die graan uit die leweringsrekening of vanaf 'n silosertifikaat na die seisoenstarief-opsie oorgeplaas word nie.

Kragopwekkers op bystand by depots

Produsente sal tydens kragonderbrekings steeds hul graan by sekere van NWK se graandepots kan lewer.

Volgens Jan Grobbelaar (direkteur: Graanbedryf) het NWK 'n paar mobiele kragopwekkers aangekoop om te verseker dat ontvangste tydens die leweringseisoen nie by al die depots tot stilstand kom as daar 'n kragonderbreking is nie.

"Die aanduidings is dat die land vir minstens die volgende vier jaar 'n tekort aan elektrisiteit kan ondervind en beurtkrag kan aktiwiteite by die depots erg kortwiek. In die lig hiervan het NWK besluit om mobiele kragopwekkers aan te koop wat, na gelang van die lokaliteit en duur van die onderbrekings, by sekere van die depots gebruik kan word.

"Die kapitaaluitleg om al NWK se graandepots met bystandkrag toe te rus, beloop ongelukkig 'n aardige bedrag en daarom sal die kragopwekkers primêr gebruik word om elektrisiteit by Coligny, Delareyville, Mareetsane, Kameel, Koster, Migdol, Ottosdal en Sannieshof te voorsien. 'n Bestaande kragopwekker sal by Lottiehalte gebruik word," het hy gesê.

Die kragopwekkers sal aan die begin van Junie afgelewer word. NWK sal ook na verlengde ure by die depots kyk om verlore tyd weens kragonderbrekings in te haal.

Verhoog wins van vleisbeeskudde

In enige vleisbeeskudde is maksimum wins die hoofdoelwit. Hoe word dit bereken? Watter inligting is nodig om genetiese vordering te bepaal? Vir maksimum wins moet daar 'n balans tussen die inkomste en uitgawe wees, ongeag die benadering wat gevolg word. Elke produsent het egter sy eie metode om daarby uit te kom.

Volgens Hennie du Toit (veekundige: Landboubestuursdienste) is dit nie nodig om ekstra toerusting aan te koop om voordeel uit hierdie kennis te trek nie. "Laat ons jou beeste kom weeg met speentyd. Al wat die produsent moet voorsien, is die kalfnommer, die ouderdom/geboortedatum van die kalf en die nommer van elke kalf se moeder," vertel hy.

Hoe werk dit en watter voordeel hou dit vir die produsent in? Elke kalf en sy/haar moeder word geweeg. Die inligting wat hieruit bereken word, is die volgende:

- Speenindeks, gekorrigeer na 205 dae speenouderdom;
- Gemiddelde speenmassa van die kudde;
- Koeidoeltreffendheid uitgedruk as 'n persentasie; en
- Aanbevelings uit bogenoemde inligting.

"Aangesien fenotipiese evaluasie (seleksie van diere op grond van hul bouvorm) slegs 30% akkuraat is, is hierdie inligting van onskatbare waarde. Die kudde behoort te verbeter ten opsigte van swaarder speenkalwers wat in dieselfde tydperk geproduseer word, asook dat meer doeltreffende diere die kudde as teeldiere inkom (vervangingsdiere)," vertel Hennie.

"Indien die beste diere vir byvoorbeeld voorspeense groei geselekteer word, sal die volgende generasie heelwat beter in hierdie spesifieke eienskap presteer. Dit beteken meer wins teen dieselfde koste! Kontak ons gerus om sommer met hierdie speentyd al jou kalwers te weeg. Sodoende kan jy alreeds hierdie seisoen hierdie belangrike inligting hê om jou beste vervangingsdiere uit te wys," gee hy raad.

Vir verdere navrae, kontak Hennie du Toit by (018) 633-1153 of *hennie@nwk.co.za*.

Teken dié datum aan

Die volgende direksievergadering vind op 11 Junie plaas. Onthou ook van die algemene jaarvergaderings van aandeelhouers op 20 Junie op Lichtenburg.

Akker bouwenke

Produsente moet gedurende Mei en Junie onthou om hieraan aandag te gee:

- Produsente moet nou koringsaad bekom aangesien daar 'n tekort aan saad is.(*Lees ook die berig op bladsy 2*).
- Sorg dat sirkels vinnig voorberei word nadat die mielies gestroop is.
- Grondprofiele moet nat wees voordat daar geplant word – dit is nou die ideale tyd om die vog aan te vul.
- Maak seker dat daar geen grondverdigtings is nie. Dit kan later in die seisoen 'n groot probleem raak.
- Koring benodig ongeveer 750 mm water per seisoen. Maak seker dat daar genoeg water is voordat jy plant.

Rietgat amper 'n watergat

Die Rietgat boeredag wat jaarliks deur Landboubestuursdienste aangebied word, is vanjaar op 18 Maart gehou. Die reënerige dag is afgeskop met drie lesings wat ondermeer 'n lesing oor sonneblomsiektes ingesluit het. Die reën het darem saamgespeel en die produsente kon die proewe op die land besoek om meer inligting oor kultivarkeuses en verbouingspraktyke in te win. Na die modderige uitstappie het die produsente na 'n baie interessante praatjie oor die gebruik van GPS'e geluister.

NWK neem IT-stap

NWK het onlangs die wêreld van geografiese inligtingstegnologie betree. In vennootskap met Pannar, Open Spatial Solutions en PS-44 Konsult is die bates van 'n IT-maatskappy uitgekoop met die doel om dit in 'n nuwe maatskappy met die naam Farm-IT (Edms) Bpk te plaas.

Hierdie onderneming het ten doel om die vennote beheer te gee oor spesifieke rekenaarprogrammatuur wat in die landbou-omgewing toepassing vind. NWK gebruik reeds hierdie programme om die oesskattingsproses in sy gebied mee te hanteer. 'n Boerderybestuursprogram vir produsente word ook in die vooruitsig gestel en die ontwikkeling daarvan is reeds aan die gang.

Die stigtingsvergadering en eerste direksievergadering van die nuwe maatskappy is op 2 April in Pretoria gehou. Die direkteure van die maatskappy is John Odendaal (Pannar), Pieter Schoeman (PS-44 Konsult), Wilhelm Herbst (Open Spatial Solutions) en Jan Grobbelaar (NWK).

Douw Steyn (Pannar), Pieter Schoeman (PS-44 Konsult), Wilhelm Herbst (Open Spatial Solutions), Arno van Vuuren (NWK) en Jan Grobbelaar (NWK).

Bewaringsbewerking bekyk

NWK se Ontwikkelende Landbou-afdeling het op 27 Februarie sy jaarlikse boeredag gehou wat deur ongeveer 40 produsente bygewoon is. Die hoogtepunte van die dag was die lesing van Div Bosman (Omnia) oor bewaringsbewerking en 'n besoek aan 'n profielgat waar grondbewerking bespreek is. Dankie aan die Mielie Trust, King Food, Omnia en NWK Krediet vir hulle ondersteuning.

Nywerhede

Verbeterde Superior bekend gestel

Noordfed, 'n filiaal van NWK, vervaardig die afgelope paar jaar al 'n verskeidenheid kwaliteit hondekosse.

Op 29 Februarie en 15 Maart vanjaar het Noordfed hulle nuwe Superior hondekos-reeks onderskeidelik by NWK Lichtenburg se handelswinkel en by Quali Mark in Pomona bekend gestel.

Die besturende direkteur van die Pet Food Industry Association of South Africa (PFI), Barry Hundly, het tydens die bekendstelling in Pomona 'n aanbieding oor die rol van die PFI gedoen.

Noordfed is lid van dié organisasie wat hulle beywer vir die lewering van gehalte hondekos deur die bedryf wat aan die minimum wetlike standaarde in Suid-Afrika voldoen.

Riaan Rautenbach (bemarkingsbestuurder: Noordfed) het 'n aanbieding gedoen oor die nuwe Superior hondekos-reeks wat deur dr Christel Coetzee, 'n dierevoedselkundige, saamgestel is. Dr Coetzee is van ADVIT Animal Nutrition en het die formulasie vir Superior gedoen.

Die Superior hondekos-reeks bestaan uit Puppy (1,75 kg en 4 kg verpakkings), Small Adult (4 kg en 8 kg verpakkings), Adult en Professional (8 kg en 20 kg verpakkings).

Die 1,75 kg en 4 kg verpakking het 'n *zip lock* sodat jy die pak tydens gebruik kan herseël. Al die pakke het 'n foelie binnelaag wat help om die kos langer vars te hou.

Superior hondekos bevat kwaliteit bestanddele: Omega 3 en 6, L-Carnitine, proteïen, vitamien C en rys. Die bestanddele sorg vir hoëgehalte voeding en goeie algehele kondisie by honde.

Nuwe reëlings vir nuwe seisoen

Die nuwe kredietaansoek-seisoen lê net om die draai. NWK wil graag die volgende punte onder klante se aandag bring:

Debiteurekaarte

Die kaartstelsel is reeds vanaf Oktober verlede jaar in werking en produsente wat vir 'n kaart aansoek gedoen het, maak reeds met groot vrug daarvan gebruik. Vanaf die nuwe seisoen sal debiteurekaarte vir alle rekeninghouers verpligtend wees.

Volgens Freddie Pohl (bestuurder: Krediet) is die grootste voordeel vir kaartgebruikers die verhoogde sekuriteit en kontrole wat dit aan elke kaarthouer bied. "Elke klant kry 'n ontleding ten opsigte van rekening-aankope – ook van alle aankope deur 'n sub-kaartgebruiker, waar meer as een persoon aankope teen die rekening doen."

Debiteurekaarte gaan uitgereik word aan alle klante aan wie produksiekrediet vir die 2008/2009-seisoen toegestaan word en wat nog nie oor 'n debiteurekaart beskik nie. Aankope teen die betrokke rekening sal daarna alleenlik met die toon van dié kaart kan geskied.

"NWK is oortuig dat die stap in belang van sy produsente is," het Freddie gesê.

GPS-kaarte

NWK maak, soos ander landboufinansieringsverskaffers, gebruik van GPS-opmetingskaarte in die proses van kredietverlening, administrasie en opdatering van sy inligtingsdatabasis van produsente. Vanaf 2008/2009 sal aansoeke alleen oorweeg word indien NWK in besit is van volledige GPS-opmetingskaarte rakende die grond onderliggend tot die aansoek.

Produsente word aangemoedig om nou reeds te begin reëlings tref om opmetingskaarte tydig te bekom. NWK Landboubestuursdienste kan in hierdie verband gekontak word by (018) 633-1150/1.

Administrasiefooi

NWK se direksie het 'n besluit goedgekeur dat 'n jaarlikse administrasiefooi vanaf die 2008/2009-seisoen ten opsigte van alle debiteurerekenings wat deur NWK geadministreer word, gehef word.

Volgens Freddie is dié maatreël noodsaaklik as gevolg van toepassings soos voorgeskryf deur die Nasionale Kredietwet. "Die gepaardgaande eskalasie in NWK se koste, betreffende kredietverwysings, noop hierdie stap," sê hy.

"Instellings soos banke hef in dieselfde verband hersieningsfooie wat substansiële hoë heffings vir die klant tot gevolg het. Hierteenoor stel NWK hom ten doel om bloot koste te bestry en sal vir 2008/2009 'n nominale bedrag van R400 ten opsigte van rekeninghouers met 'n limiet hoër as R1 000 000 en R250 ten opsigte van rekeningshouers met 'n limiet onder hierdie perk gehef word. Dormante rekenings, wat byvoorbeeld slegs vir dividenduitbetalings gebruik word, sal 'n R100 jaarfooi dra," het Freddie gesê.

Navrae

Vir navrae kan Freddie Pohl by (018) 633-1234 gekontak word. Jy kan ook met jou stel by Krediet gesels.

Só verhandel Aandele

Die aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Februarie 2008 tot 31 Maart 2008 soos volg verhandel:

NWK Beperk

Getal	Prys per aandeel
55 131	R4,17
159 816	R4,20
214 947	

NWK Beherend Beperk

Getal	Prys per aandeel
85 894	R2,75
3 000	R2,76
77 979	R2,80
13 456	R2,85
180 329	

Belangstellende aandelekopers en verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1159/1487/1089/1160 skakel.

1ste transformasie-bestuurder aangestel

NWK het op 1 Maart vanjaar 'n transformasiebestuurder aangestel. Labius Rampou werk saam met bestuur om onder andere te verseker dat NWK aan die vereistes van die wet op swart ekonomies bemagtiging voldoen. Hy is verder ook verantwoordelik vir die arbeidsbetrekkinge-aangeleenthede by NWK.

Labius Rampou

Labius is nie 'n nuwe gesig by NWK nie. Die gebore plaasjapie van Ventersdorp het na skool sy BAgric-graad op 'n deeltydse basis aan die Noordwes Universiteit verwerf, na hy dit in 1998 voltooi het. Hy het as kursusinstrukteur by Boskop Opleidingsentrum opleidingskursusse vir plaaswerkers aangebied en is in Augustus 1989 as opleidingsbeampte by NWK se Menslike Hulpbronne departement aangestel.

Na NWK het hy verskeie poste by Clover beklee en hom in Maart 2004 by Noordwes Parke en Toerismeraad as bestuurder: Menslike Hulpbronne aangesluit – 'n betrekking wat hy beklee het tot en met sy aanstelling by NWK as transformasiebestuurder.

"Die lekkerte van my werk by NWK is dat dit 'n stabiele omgewing is waarbinne mense kan groei en hulle potensiaal kan bereik met behulp van die nodige opleiding en ontwikkeling," vertel Labius. Hy is baie opgewonde om terug te wees by NWK en wil graag waarde tot die groep se sukses toevoeg.

Hy en sy vrou, Ruth, spog met twee seuns: Vicky (21) en Tshiamo (14).

Graandienste groet Kobus

Kobus van den Berg (bestuurder: Graandienste) het aan die einde van Maart vanjaar afgetree. *NWK Koördinaat* het vir oulaas met hom gaan gesels.

"Die lekkerste van my werk was om deel te kon wees van die deregulering van die graanbedryf vanaf die gereguleerde bemarkingskemas na die vryemark verhandeling van graan," het Kobus vertel. "Dit was ook lekker om te sien wat se bydrae jou departement tot NWK se sukses gelewer het.

"Dankie aan die klante en ook my kollegas vir al die jare se samewerking en ondersteuning. Ek gaan die vriende wat ek hier en in die groter bedryf gemaak het, mis. Ons bly op Lichtenburg en sal sekerlik mekaar in die daaglikse handel en wandel nog sien. Dit is voorwaar 'n groot voorreg en baie genade om self te kon besluit wanneer om die tuig neer te lê. Dit is nie baie mense beskore nie. Ek vertrou dat die gesondheid sal hou sodat ek nou meer tyd sal kan spandeer aan die dinge waarvoor daar nie altyd tyd was nie," het hy gesê.

Kobus het in November 1974 by NWK in die Aankope-afdeling begin werk, later 'n draai in die Finansies departement gemaak en is sedert Julie 1987 by Graandienste betrokke, waarvan hy die afgelope 18 jaar bestuurder van dié departement was.

Nou tyd vir winterlekke

Met die herfsseisoen hier, is dit nou tyd om van somer- na winterlekke oor te skakel. Produsente kan Noordwes Voere se Opti Winterlek 40 by hul naaste handelswinkel koop om die tekorte van die winterseisoen af te weer!

Personeel

Noordwes Voere

Jaco

Stephan

Noordwes Voere het twee nuwe tegniese adviseurs aangestel. **Jaco Truter** sal die westelike en suidelike deel van NWK se bedieningsgebied diens, terwyl **Stephan van der Westhuizen** verantwoordelik is vir die Suidwes Landbou – Wesmark gebied. Kontak Jaco by 082 941 2522 en Stephan by 079 979 7319.

NW Volkswagen

Riaan Hattingh is die nuwe tegniese diensadviseur by NW Volkswagen terwyl Abrie de Beer en Ernst Scholtz onderskeidelik as werktuigkundige en diensadviseur aangestel is.

Riaan Hattingh, Abrie de Beer en Ernst Scholtz

Kunsmisbemarking

Hein Barnard is sedert 1 April as landboukundige by NWK/Omnia agentskap aangestel. Hy is verantwoordelik vir die Coligny-, Gerdau-, Blaaubank- en Koster-areas. Hein is reeds 14 jaar by Omnia Kunsmis betrokke en het goeie ondervinding. Sy betrokkenheid by die agentskap sal verseker dat NWK/Omnia hul hoë standaard van klantediens handhaaf en uitbrei.

Nywerhede

Noordwes Voere se produkte hier beskikbaar

Noordwes Voere fokus veral op sakbesigheid en het daarom besluit om hul klante, wat verkies om self hulle produkte te laai, vanaf die nuwe stoor by NWK Handel op Lichtenburg te bedien.

Noordwes Voere sal vanaf 30 Mei vanjaar slegs vragte van 6 ton en meer by hul fabriek op Lichtenburg hanteer. Vragte kleiner as 6 ton kan by die nuwe NWK Handel stoor in Republiekstraat gelaai word.

NWK Handel se besigheidsure is soos volg: Maandae tot Vrydae van 8:00 - 17:00 en Saterdae van 8:00 - 13:00.

Skakel Fouché Langenhoven (bemarkingsbestuurder: Noordwes Voere) by (018) 632-4053 of 083 456 1323 vir enige navrae.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Jaco Botha

Daar is 'n nuwe gesig by Graandienste. Jaco Botha is vanaf 1 April vanjaar aan stuur van sake by dié departement.

Die oud-PUK het in die laat sewentiger jare sy BCom(Hons)-graad verwerf. Hy het vir 29 jaar by Senwes in verskeie afdelings gewerk waarvan die laaste 18 jaar in die graanafdeling was.

Jaco Botha

Loopbaanverandering

"Hierdie is 'n nuwe omgewing met nuwe stelsels en werksmetodes waarmee ek vertroud moet raak. Ek sien dit as 'n uitdaging en wil graag 'n bydrae lewer tot uitbouing van Graandienste en NWK se winsgewendheid," het hy gesê. As bestuurder: Graandienste is Jaco verantwoordelik vir die bestuur van die departement wat die totale hantering en berging van alle graan by die graandepots behels.

Persoonlik

"Ek hou van positiewe, gemotiveerde persone wat 'n passie het vir wat hulle doen omdat ek self só 'n persoon is. Mense wat nie dinamies is nie, frustreer my," vertel hy.

Jaco woon tans gedurende die week op Lichtenburg en naweke in Klerksdorp, maar die Botha-gesin beplan om hulle in die nabye toekoms permanent op Lichtenburg te vestig.

Hy is getroud met Annette en die egpaar het twee seuns: Andre en Marnus.

op die lug

Vanaf Maart vanjaar is NWK weer terug op die lug. As jy na die radiostasies RSG of OFM op die onderskeie frekwensies van 100 FM tot 104 FM en 94 FM tot 97 FM luister, sal jy die NWK radioflitse hoor. Drie verskillende 30 sekonde radioflitse word hierop uitgesaai.

177 flitse word oor 'n periode van nege maande oor RSG gespeel en 313 flitse gedurende die jaar op OFM.

NWK beveg misdaad

NWK was gedurende Februarie en Maart saam met Business Against Crime Noordwes betrokke by die opleiding van SAPD-lede van die Lichtenburg, Itsoseng, Coligny en Atemelang polisiestasies. Die doel van die opleiding is om potensiële leiers by polisiestasies te identifiseer vir opleiding in die Frontline Leadership Development Programme. Opleiding is by die NWK Opleidingsentrum gedoen.

By gemeenskap betrokke

Vanjaar was dit Hoërskool Lichtenburg se beurt om die jaarlikse prestige atletiek hoogtepunt in Potchefstroom aan te bied. Die byeenkoms het plaasgevind op 22 en 23 Februarie. NWK het as hoofborg opgetree en die medaljes aan deelnemers in die A en B wedlope en items geborg. NWK glo dat die kinders hierdie kleinood vir altyd sal bewaar. Baie geluk aan Hoërskool Lichtenburg vir 'n puik georganiseerde byeenkoms.

Wen!

'n Gelukkige leser kan dié 10 mm x 42 mm Kaufmann verkyker, ter waarde van R600, wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wie is die nuwe bestuurder: Graandienste by NWK?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks na (018) 633-1916 of e-pos *jbezuidenhout@nwk.co.za.* Inskrywings moet hom voor of op **10 Junie 2008** bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan Louisa Pretorius van Gerdau wat die Salton voedselverwerker in die Maart kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – **nie NWK personeel nie**.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers behartig.

NWK KOÖRDINAAT

NWK Koördinaat **is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can fly

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.